

Senior Kategese

Sessie 3 (Week 20 Sept.)

Onthou asb. dat ons op Sondag 27 September 'n groepsessie na die erediens het waar die eerste drie lesse oorsigtelik saamgevat en bespreek sal word.

Wat is die mens?

Al is jy self deel van *Homo sapiens* – die wetenskaplike naam vir die kortstert, regoplopende en self-bewustelike mens – is daar veel meer aan jou as wat jy miskien van weet as wat biologies sigbaar is. Daar is twee algemeen-aanvaarde aspekte van die mens: Elkeen is uniek en elkeen vorm 'n prentjie van jouself in jou kop wat jy herken in 'n spieël. Dit is ook alombekend dat elke mense gebore word en een of ander tyd weer doodgaan.

Die mens is 'n baie komplekse stelsel waarvan die fisiologiese (liggaam) en psigologiese (siel) ontwikkeling spruit vanuit sy gene-materiaal (DNS) wat as die boublokkies dien. Die mens het ook 'n spirituele (gees) aspek wat besmoontlik groter is as sy liggaam. Die wisselwerking tussen die verskillende aspekte van die mens, word breedweg sy bewussynlikheid genoem en wys ook in sy persoonlikheid en karakter.

Bewussynlikheid kan weer verdeel word in 'n bewuste en onbewuste dele. Die onderbewussyn tree op as selfgedrewe program wat sonder nadenke die daaglikse take wat met gewoontes te make het, uitvoer. Die bewuste deel het te make met jou kognitiewe (denkende) aksies soos kommunikasie en kreatiwiteit.

Dat die mens vanaf een of ander begin steeds besig is om te ontwikkel, is bewese inligting. Óf die proses van ontwikkeling geskied volgens die basiese evolusieleer, is te bevraagteken. Ontwikkeling is 'n kenmerk van die universum en in lyn daarmee bly alles, selfs die mens, aanpas om te oorleef of te bly bestaan.

Vanuit die godsdienstige hoek, is die mens 'n doel-bewustelike maaksel van God na God se eie aard. Die doel van die mens is om God se skepping te ervaar en te beleef deur dit beter te maak – m.a.w. die mens moet die aarde oppas en rentmeester daarvoor wees namens God. In algemene terme word gepraat dat ons werklikheid óf opgebou, óf afgebreek kan word. In mense terme kan dit beskou word as dat opbou gelyk is aan liefde en afbreek weer aan vrees. Liefde is orde en vrees is wanorde.

Die Bybel wys dat God nie sy doel kon bereik deur net een mens nie en daarom is die man en vrou geskep sodat daar baie mense kan wees om die werklikheid te ervaar. Dit bring

verskeidenheid in God se skepping. Mense vorm gesinne en mense groepe elkeen op unieke maniere wat ons na ken as volke en verskillende kulture wat in eiesoortige gemeenskappe woon. Die wisselwerking tussen groepe op enige vlak kan ook opbou of afbreek.

Vir die mens om volkome te lewe, moet aanvaar word jy is vir altyd 'n onsterflike spirituele kind van God. God het sy Seun, Jesus Christus, aarde toe laat kom sodat ons 'n voorbeeld – soos 'n ouer broer - het om na te volg. God het ook sy Gees in elke mens en die skepping versprei sodat ons 'n lewendmakende siel kan wees – dit beteken met die vermoë om God se skepping bewustelike in vrye wil beter te maak, maar ook dat sodoende almal kinders van God kan wees wat spiritueel en bewussynlik nooit sterf nie.